**23 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: GENESIS 15**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 15:13**

## Ons God is ’n God met langtermynbeplanning!

Soms kyk ons so vas teen die voor- of teëspoed van elke dag dat ons vergeet dat ons God ’n God is wie se beplanning oor eeue strek en wat sy langtermynbeplanning tot in die ewigheid in haarfyn uitgewerk het! Wanneer Hy sy verbond met Abraham sluit, sê Hy byvoorbeeld: Jou nageslag sal eers vir 400 jaar slawe wees voordat hulle die beloofde land gaan beërf. God werk 400 jaar se teëspoed in sy plan in met sy verbondsvolk! Vir ‘n mens is 400 jaar ’n ongelooflike lang tyd. Dit is nog nie eens 400 jaar sedert die volksplanting aan die Kaap plaasgevind het nie! Abraham en sy nageslag was dus deel van ’n plan wat eeue lank sou duur.

So is elkeen van God se kinders deel van ’n plan, God se raadsplan, wat eeue lank duur. My probleme lyk soms so ontsaglik groot dat ek heeltemal moed verloor. Maar as ek besef dat ek ’n skakel in God se plan is en dat dit ’n plan is wat eeue ver strek, dan kry ek weer perspektief en troos: God het my deel van sy meesterplan gemaak en daarom sal Hy ook uitkoms gee! Geen voor- of teëspoed sal sy plan kan kelder nie. Hy sal sy doel met alles in sy plan bereik, want Hy het belowe: Ek sal vir jou en jou nageslag ’n God wees!

Al vorm ek en my lewe maar net ’n spikkeltjie in ’n lyn wat geen einde het nie, is dit in God se oë ’n belangrike spikkeltjie!

*Sing: Psalm 89:2* *Ds Malan van Rhyn (Thabazimbi)*